STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 36 - 2018 • EDITION 36 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Ag dis lekker om hierdie maand te kan berig van die vele bedrywighede wat tans plaasvind en wat 'n impak op ons gemeenskappe gaan hê. Uiteindelik is baie van die ou sake wat, soos u weet al baie jare aankom, afgehandel en nou begin ons nuwe projekte vorendag kom. Daar is nog baie meer as waarvoor ek hier kan plek vind, maar ons sal u so mettertyd van alles inlig.

Gholfdag

Ek is baie dankbaar vir die vrygewigheid en openhartigheid van ons sport-gemeenskap se omgee vir mense in nood.

Ons inwoners het hul omgee weer bewys met ons onlangse tweede jaarlikse Burgemeester Gholfdag. Soos verlede jaar het ons weer 'n baie suksesvolle en lekker geleentheid gehad, waar ons R75 000 ingesamel het vir die Burgemeestersfonds. Hierdie fonds word gebruik om inwoners in nood by te staan. Alhoewel die munisipaliteit oor 'n Toekenning-in-Hulp-Beleid beskik, is daar aansoeke vir hulp wat nie binne die raamwerk van hierdie beleid val nie, maar steeds hulp en aandag verdien. In sulke gevalle probeer ons behoeftige en verdienstelike persone deur die Burgemeestersfonds bystaan. Die fonds het streng kriteria waaraan aansoeke moet voldoen en die fonds word jaarliks geoudit om te verseker dat dit behoorlik bestuur word. Dis altyd vir my hartverskeurend as jongmense gekies word vir Nasionale sportspanne of ander kulturele aktiwiteite en nie kan gaan bloot omdat hul nie die geld kan bekom nie. Kan u dink hoe 'n ouer moet voel om vir die kind te moet vertel dat hy/sy nie kan

Dear Residents,

It is so great to be able to report back this month on the many activities that are currently taking place and will have an impact on our communities. Finally, some of the old issues are being finalised, which as you know, have been coming along for years and our new projects are moving to the forefront. I don't have enough space to mention them all, but as we move forward, we will keep you informed.

Golf Day

I am very grateful for the generosity and the kindness of our sporting community, when it comes to caring for people in need.

Our residents again showed how much they cared at the recently held second annual Mayoral Golf Day. Like last year, we had a very successful and fun-filled event where we raised R75 000 for the Mayoral Fund. This fund is used to assist residents in need. Although the municipality has a Grant-in-Aid Policy, we often receive requests for help that does not fall within the parameters of this policy, but still deserves to be supported. In these cases we try to assist people in need by means of the Mayoral Fund. The fund has very strict criteria to which applications for aid must adhere to and is audited annually to ensure it is managed properly. It is heart wrenching when young people get chosen to represent national sports teams or other cultural activities but they cannot go because they do not have the money for it. Can you imagine how a parent must feel when he/she tells a child that they cannot participate? Can you imagine how powerless and angry that child must feel?

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Optiese Veselkabels
Optic Fibre Cables
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

gaan deelneem nie? Kan u dik hoe magteloos en woedend die kind moet voel?

En dan is daar die brandslagoffers, veral uit ons armer gebiede. Totdat u dit self ervaar het, sal u nooit weet hoe verskriklik dit is as mense oorbly met net die klere aan hul lyf (meestal slaapklere). Alles anders is verwoes, insluitend ID dokumente. Meestal is daar geen spaarfondse of versekering nie. En al hoe ek kan help, is 'n klein donasie vir skoolklere of ID dokumente.

Ek was onlangs nogal teleurgesteld in ons inwoners toe ek op Facebook en Twitter gevra het vir donasies vir brandslagoffers in Klapmuts waar 3 kinders wees gelaat is. Daar was nie eens 1 aanbod om hulp nie. Daarom soveel te meer waardeer ek die Gholfdag .

Baie dankie aan elkeen wat 'n bydra gemaak het tot die fonds. U kan ook enige tyd van die jaar 'n bydrae lewer en u kan selfs spesifiseer waarvoor hierdie geld gebruik moet word.

Parkering

Van dag 1 af kry ek ongelooflik baie klagtes oor die gebrek aan parkering in Stellenbosch en Franschhoek. Die Raad het dus onlangs besluit om soos wetgewing bepaal in artikel 78 van die Munisipale Stelselswet hierdie groot taak aan te pak. Die eerste stap , was 'n studie wat gedoen is om die omvang van die probleem te bepaal. Daar is gevind dat die breër Stellenbosch 'n tekort van ongeveer 2200 parkerings het. Die voorgestelde oplossings sluit in die bou van parkeerstrukture en opgradering van bestaande parkering. Alternatiewe soos parkeer-en-ry geleenthede word ook oorweeg. Omdat die omvang van die voorgestelde oplossings baie groot is, en die munisipaliteit nie beskik oor die hulpbronne om dit op ons eie aan te spreek nie, is daar besluit om die artikel 78 proses verder te neem. Dit behels nou die ondersoek om te kyk watter geleenthede daar bestaan vir die munisipaliteit om saam met ander rolspelers of vennote van hierdie moontlike projekte aan te pak. Al hierdie prosesse is baie deursigtig en moet geadverteer word en weer voor die Raad dien. Dit is dus 'n langsame proses, maar ek is vasbeslote dat ons dit korrek doen en so sal doen dat ons gemeenskap ingelig bly.

Stortingsterrein

Die spasie by stortingsterreine is tans uiters beperk en ons eie stortingsterrein is amper vol. Daarom het die munisipaliteit ook 'n artikel 78 proses van stapel gestuur om moontlike oplossings hiervoor te vind. Die Raad het onlangs die verslag gesien en 'n besluit geneem dat ons bestaande stortingsterrein vergroot moet word. Dit is 'n groot projek, maar gaan baie goedkoper wees as om ons vullis elke dag na 'n ander munisipaliteit se stortingsterrein te vervoer.

Vroeë Kinderontwikkeling

Vroeë kinderontwikkelingsentrums is baie belangrik om ons kinders skoolgereed te kry. Dis interessant dat onderwys 'n Provinsiale funksie is maar dat die munisipaliteit wel sekere funksies mag uitvoer ten opsigte van voorskoolse kinderontwikkeling. Ten einde dit te reguleer het die Raad vir die eerste keer in Stellenbosch, 'n Vroeë kinderontwikkelingsbeleid saamgestel en deur die Raad goedgekeur.

And then there are victims of fires, especially from our poorer areas. Until you have experienced it yourself, you cannot imagine how terrible it is when people are left only with the clothes they have on (most often sleep wear). Everything has been destroyed including ID Documents. Generally there are no savings or insurance available. Through the Fund, I can help by making a small contribution for school clothes or ID documents.

I was recently disappointed when I asked residents on Facebook and Twitter for donations for victims of a fire in Klapmuts, where 3 children were left orphaned. There was not one offer of help. That is why I am so grateful for the Golf Day.

Thank you to everyone who made a contribution to the fund. You can make a contribution at any time during the year and you can even specify how you would like the funds to be used. Contact my office for more details on this.

Parking

From day one I have been receiving complaints about the shortage of parking in Stellenbosch and Franschhoek. The Council has therefore decided to conduct a section 78 process as set out in the Municipal Systems Act, to tackle this enormous task. The first step was to conduct a study to determine the extent of the problem. It found that the Greater Stellenbosch has a shortage of approximately 2200 parking spaces. The proposed solutions include the building of parking structures and the upgrading of existing parking facilities. Alternatives, like park-and-ride initiatives are also being considered. The municipality does not have the resources to address the solutions on its own, because the scope of the proposed solution is very big. It was decided to take the section 78 process further. This entails an investigation to see what other opportunities are available to the municipality to work with other role-players or partners to possibly implement some of these solutions. All these processes are very transparent and must be advertised and again serve before Council. It is therefore a slow process, but I am determined that we do it correctly and do it in such a way that our community stays informed.

Landfill Site

The space at landfill sites is currently very limited and our own landfill site has almost reached capacity. That is why the municipality also decided to follow a section 78 process to find possible solutions for this. Council recently considered the report and it was decided that the existing landfill site will be expanded. It is a very big project, but will be much more affordable than having to transport our rubbish to another municipality's dumpsite every day.

Early Childhood Developement

Early Childhood Development centres are very important to prepare our children for school. It is interesting that education is a Provincial function, but municipalities are responsible for certain functions in terms of Early Childhood Development. To regulate this, Council approved an Early Childhood Development Policy for the first time in the history of the municipality.

Dienslewering

Ons is vasbeslote om Stellenbosch Munisipaliteit se dienslewering aanhoudend te verbeter totdat dit van hoogstaande gehalte is en deur die res van die land beskou word as 'n voorbeeld van beste praktyk. 'n Nuwe inisiatief is dus geloods waar "Service Warriors" aangestel word om diensleweringsprobleme vinnig aan te meld en op te los. Die eerste fase van hierdie loodsprojek behels 11 "Warriors" wat ontplooi word na Kayamandi, Klapmuts, Groendal/Langrug en Dwarsrivier. U sal hulle uitken aan geel reflekteerbaadjies met Stellenbosch amptelike kentekens wat hulle dra. Die "Warriors" sal in die gemeenskappe rondbeweeg, diensleweringsprobleme wat voorkom aanmeld en inwoners inlig oor waterbesparing. Die projek sal mettertyd ook uitgerol word in ander areas en ons hoop u sien en voel vinnig die verbetering!

Optiese Veselkabels

Daar is baie klagtes en navrae oor die installering van optiese veselkabels. Dit word gedoen deur kommunikasie diensverskaffers en nie deur die munisipaliteit nie. Ongelukkig beskik die kommunikasiediensverskaffers 'n lisensie wat hulle toestemming gee om hierdie kabels en pype te installeer. 'n Konstitusionele Hof uitspraak het beslis dat munisipaliteite nie hierdie diensverskaffers kan verhoed om hul dienste te installeer nie.

Sommige van die diensverskaffers slaan baie min of geen ag op die munisipaliteit se versoek om installasieskedules met die geaffekteerde gemeenskappe te kommunikeer nie. Sommige kom ook nie die reg-van-weg (Wayleave) voorwaardes wat deur die munisipaliteit gestel word na nie. SALGA (SA Local Government Association) is nou in die proses om 'n standaard verordening vir munisipaliteite saam te stel wat munisipaliteite in staat sal stel om meer beheer te hê oor die installering van optiese vesel. Die munisipaliteit het reeds sy standaard uitvoerriglyne aangepas en die voorwaardes vir reg-van-weg toestemmings opgedateer sodat diensverskaffers hul planne vir installasie moet kommunikeer.

As gevolg van die ontwrigting en skade wat aangerig word deur die oop sloot installeringsmetode, soos wat dit tans algemeen gedoen word, het die munisipaliteit alternatiewe metodes begin soek vir die installering van optiese vesels. Mikro-vore (micro trenching) is ondersoek as 'n gepaste alternatief eerder as die oop sloot installering en die sisteem is reeds met een van die diensverskaffers getoets. Tydens hierdie proeflopie in Noordwalstraat is gevind dat dit baie minder indringend en ontwrigtend is vir die publiek, verkeer en munisipale dienste. Ons sal dus in die toekoms mikro-vore aanbeveel, maar dit is nie moontlik om dit in alle areas toe te pas nie. Aansoeke sal dus op 'n individuele basis hanteer word. Ongelukkig is hierdie proses duurder as die oop sloot proses en dit is dus tot nadeel van die verskaffer.

GOP Vergaderings

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan-vergaderings is nou afgehandel en al die insette wat ons ontvang het sal oorweeg word. Oor die algemeen was dit 'n baie positiewe stel vergaderings en ek wil dankie sê vir elke persoon wat die moeite gedoen het om hierdie vergadering by te woon en insette te lewer het.

Service Delivery

We are determined to continuously improve Stellenbosch Municipality's service delivery standards until it is the best and seen by the rest of the country as a best practice. A new initiative was recently launched where the municipality appointed Service Warriors to help address service delivery issues quickly and efficiently. The first phase of the project includes 11 Warriors that will be deployed in Kayamandi, Klapmuts, Groendal/Langrug and Dwarsrivier. You will recognise them by their yellow reflector jackets and Stellenbosch Municipality branded clothes. The warriors will move around in communities and report service delivery problems they come across and inform residents about saving water. In time the project will be rolled out to other areas in the municipality and we hope you start noticing the improvements soon!

Optic Fibre Cables

There are many questions about the installation of optic fibre cables. It is done by the communication service providers and not by the municipality. Unfortunately, the communication service providers have a license that gives them permission to install these cables and pipes. A Constitutional Court decision determined that municipalities cannot prevent these service providers from installing their services.

Some of the service providers pay very little attention to the municipality's request to share and communicate the installation schedules with the affected communities. Some also does not adhere to the wayleave conditions that are prescribed by the municipality. SALGA (SA Local Government Association) is now busy preparing a standard by-law for municipalities that will enable them to have more control over the installation of optic fibre. The municipality has already adjusted its standard operating guidelines and the wayleave conditions so that service providers must communicate their plans for installations.

Because of the disruption and damage caused by the open trench installation methods, as it is currently being done, the municipality started to investigate alternative methods as well. Micro trenching has been found to be a suitable alternative to open trench installation and the system has already been tested by one of the service providers. A test was done in Noordwal Street and it was found to be much less disruptive to the public, traffic and municipal services. We will therefore recommend micro trenching as an installation method for optic fibre in the future. It is however not possible to follow this method in all areas. Applications will therefore be considered on a case by case basis. Unfortunately, micro trenching is much more expensive than open trenching and it is therefore not advantageous for the service provider.

IDP Meetings

The Integrated Development Plan meetings have now been concluded and all the inputs received will be considered. In general, it was a very positive experience and I want to thank every person who made the effort to attend these meetings and gave input.

Vlak 6B Waterbeperkings

Inwoners word daaraan herinner dat ons steeds bly by vlak 6B waterbeperkings. Dit beteken dat elke huishouding beperk is tot 6 kiloliter water per dag. Dit werk uit op 50 liter per persoon per dag vir 'n huishouding van 4 mense. Indien u huishouding groter is as 4 mense, moet u asseblief die munisipaliteit kontak en die nodige aansoek indien vir 'n verhoogde kwota. Ons bid en hoop vir 'n goeie reënseisoen om hierdie nood te verlig.

Tuinrommel

Ons vind toenemend dat inwoners oopruimtes, natuurgebiede en rivieroewers gebruik vir die stort van tuinrommel wat tipies bestaan uit gesnoeide takke, blare, gesnyde gras en onkruid. Inwoners wat dit doen is miskien onder die indruk dat hulle hierdeur geen skade aan die betrokke gebiede aanrig nie en dat die gebiede selfs daarby baat deur kompostering. Die teenoorgestelde is egter waar. Die onwettige storting van die tuinrommel kan lei tot die skep van brandgevare en 'n bron word vir die verspreiding van verskeie tuin- en ander indringer- of uitheemse plantmateriaal in die natuurareas of al langs rivieroewers.

Inwoners moet dus asseblief nie enige tuinrommel in munisipale oopruimtes, natuurgebiede of rivieroewers stort nie. Skoon (plastiek-, papier- en klipvrye) tuinrommel word by die munisipale stortingsterrein aanvaar waar dit, teen geen koste vir u, verwerk en in kompos omskep word.

Prentjiemooi Stellenbosch

Ons is reeds in vol herfs en beweeg al nader aan die winter. Ek ry elke oggend op pad werk toe spesiaal 'n paar draaie om te kyk hoe mooi ons omgewing is. Onlangs in Franschhoek, het ek net gaan stilstaan en kyk na alles wat nou goud en roesrooi geword het. In Stellenbosch en die buitewyke is die bome en wingerde prentjiemooi. Die berge in in die Dwarsiviervallei lyk sagter en pienker. Alles, alles is net so mooi in tydens hierdie seisoen. En nee, die blare wat val pla my ongelukkig nie, dis 'n voorreg om lank genoeg te lewe om bome te sien oud word en die seisoene te sien verwissel.

In Kanada kan 'n mens toere onderneem om te kyk na herfskleure en die blaretapyt ... miskien is dit nie 'n slegte idee vir ons nie? Wees dus maar asseblief geduldig met hierdie Burgemeester wat nie dink blare is vullis nie!

Beste Wense en Groete
Burgemeester Gesie

Level 6B Water Restrictions

Residents are reminded that we are still on level 6B water restrictions. This means that every household is limited to 6 kilolitres of water per day. It works out to around 50 litres of water per person per day for a household of 4 people. If your household is larger than 4 people, please contact the municipality to apply for the necessary increased quota. We hope and pray for a good rainy season to bring some much needed relief.

Garden Rubbish

We continuously find that residents use open spaces, nature areas and riverbanks to dump garden rubbish consisting of branches, leaves, grass cuttings and weed. Residents might be under the mistaken impression that this does not cause any harm to these areas and that these areas might even benefit from it, thinking they are providing compost. The opposite is actually true. The illegal dumping of garden rubbish can lead to fire hazards and be a source for the distribution of garden and other invasive plant species in our natural and river habitats.

Residents should therefore not dump any garden rubbish in municipal open spaces, natural areas or river banks. Clean (without plastic, paper or rocks) garden rubbish can be taken to the municipal landfill site free of charge where it will be processed and converted into compost.

Picture Perfect Stellenbosch

We are already moving in full autumn and winter is fast approaching. Every morning on my way to work I take several detours to enjoy the beauty of our area. Recently in Franschhoek I stood still to see how everything is turning gold and rust red. The vineyards and trees are picture perfect in Stellenbosch and its surrounds. The mountains in the Dwarsrivier Valley look softer and almost pink. Everything is just beautiful in this season. And no, the leaves unfortunately do not bother me. It's a privilege to live long enough to see trees grow old and see the seasons change.

In Canada, you can take tours to see the autumn colours and carpets of leaves… maybe it is not a bad idea for us? Please be patient with this Mayor who does not think leaves are garbage!

Best Regards,
Mayor Gesie

ERNSTIGE DROOGTE
ELKE DRUPPEL TEL

Rapporteer alle wateroortredings by 021 808 8215 / 021 808 8953 of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

SERIOUS DROUGHT
EVERY DROP COUNTS

Report all water transgressions to 021 808 8215 / 021 808 8953 or water.restrictions@stellenbosch.gov.za